

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

DIE DERDE FEESSEISOEN: DIE FEES VAN TROMPETTE

INLEIDING

Die laaste drie jaarlikse afspraak (Feeste; Bestemde of Aangewese Tye; *mo'edim*) van YHVH met Sy kinders, naamlik die Fees van Trompette (*Yom Teruah*), die Dag van Versoening (*Yom Kippur*) en die Fees van Tabernakels, staan gesamentlik bekend as die Loofhuttefees of *Sukkot*. Die eerste vier Bestemde Tye is die Pesag, die Fees van die Ongesuurde Brood, die Fees van die Eerstelinge en die Fees van Weke (*Shavuot*). In totaal is daar dus sewe jaarlikse aangewese afspraak op YHVH se kalender. Die weeklikse Shabbat, sowel as die jaarlikse Agste Dag wat direk na *Sukkot* gedenk word, is ook deel van YHVH se Bestemde Tye.

Die eerste vier van YHVH se Bestemde Tye het reeds in Yeshua Messias in vervulling gekom op die dae wat hierdie feeste gevier is. Die profetiese vervulling van die oorblywende drie moet egter nog plaasvind. In die lig van die profetiese vervulling van die eerste vier Bestemde Tye (Feeste) kan ons absolute sekerheid hê dat die profetiese vervulling van die laaste drie ook op die bestemde tyd soos deur YHVH bepaal is, sal plaasvind. Dit is daarom belangrik om ook die doel en die profetiese betekenis van hierdie laaste drie vooruitbeplande afspraak wat YHVH ons Vader met ons het, te verstaan en dit te gedenk as 'n "kleedreptisie" van toekomstige gebeure.

Hoewel die klem van die laaste drie Bestemde Tye van YHVH op toekomstige gebeure gerig is, is dit wel ook 'n herinnering van dit wat YHVH reeds gedoen het, besig is om te doen en nog sal doen in Sy meesterplan van herstel.

Ons kan wel met meer sekerheid oor die vorige Feeste praat, want ons weet presies hoe Yeshua dit vervul het, maar ons moet egter erken dat ons nie presies weet hoe YHVH die oorblywende drie bestemde afspraak gaan vervul nie. Ons weet die afbeelding en heenwysing waarvan dit getuig, maar die fynere detail ontbreek egter. Ons weet ook dat Messias Yeshua sentraal is tot elkeen van YHVH se bestemde afspraak met sy kinders. Yeshua is die sigbare manifestasie en demonstrasie van YHVH se plan van herstel van die mens en die skepping. Daarom sal ons ook eendag kan terugkyk en sien hoe YHVH Sy plan ten opsigte van Sy laaste afspraak met die mens presies volgens die bloudruk wat in Sy Torah uitgespel is, voltooi het.

Die eerste vier Bestemde Tye verteenwoordig die tydperk waar YHVH betrokke was by wyse van sy uitverkore volk (1 Pet. 2:9 en 10) en het te make met Yeshua se eerste koms na die aarde as Messias. Die laaste drie van YHVH se afsprake met die mens is `n profetiese heenwysing na die begin van die tydperk waar die Almagtige gaan ingryp in die toekoms van die mens en die wêreld. Hierdie is dus `n afbeelding en `n heenwysing na die begin van `n dramatiese keerpunt in wêreldgebeure en die voltooiing van YHVH se meesterplan om alles te herstel tot soos dit was voor die sondeval.

Hierdie laaste Bestemde Tye is `n profetiese heenwysing na die wederkoms van Yeshua om self YHVH se Koninkryk hier op aarde te vestig en om self te regeer as die Koning van konings. Gedurende hierdie tydperk sal YHVH sy verbondsvolk bestaande uit gelowiges van die mak olyfboom, waarop die wilde olyftak ingeënt is (Romeine 11), vir ewig met Hom verenig. Dit wat die Almagtige met Abraham begin het, sal HY in hierdie tydperk voltooi en afhandel.

Yeshua is Priester en Koning volgens die orde van Melgisedek (Heb. 7:1; Heb. 5:6 en 10). Huidig vervul Hy die rol van Ewige Hoëpriester en as Koning wat in die harte van Sy kinders regeer. Die laaste van YHVH se Bestemde Tye is egter die profetiese heenwysing na die dag wat Messias weer gaan kom en die rol as Verlosser, Hoëpriester en as Koning op aarde sigbaar gaan vervul.

Die laaste van hierdie bestemde afsprake is dus ook die heenwysing na die profetiese vervulling van die profesie van die ou verbond (die Tanakh) aangaande Messias wat sal kom as Koning om te regeer met al die mag en gesag van YHVH. Hierdie verwagting en hoop was ook voorop in die gedagtes van die apostels toe hulle Yeshua gevra het.

Meester, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig? Hand. 1:6

Voor die kruisiging het Yeshua dit duidelik gemaak dat Sy Koninkryk nie van hierdie wêreld is nie, hoewel Hy `n Koning is (Mark. 15:2; Joh. 18:36 en 37). Die dissipels was egter bekend met die profesieë aangaande Messias soos ondermeer in Jes. 9:5 en 6 opgeteken is.

Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van YHVH van die leërske sal dit doen.

Derhalwe het hulle die verwagting gehad dat Yeshua na Sy folterdood en opstanding hierdie profesie sou vervul. Hy het hulle egter geantwoord dat die Vader alleen die tyd bepaal wat hierdie in vervulling sal plaasvind (Hand. 1:7). Tot dan moet hulle, gevul met die krag van die Afgesonderde (Heilige) Gees, die evangelie gaan verkondig (Hand. 1:8). Mettertyd het die apostels en ander gelowiges besef dat die wederkoms van Yeshua nie noodwendig vir die onmiddellike is nie en daarom is daar Skrifverwysing wat vertel dat hulle met verlange na daardie dag uitgesien het.

Yeshua het as die Lam van God gesterf, maar Hy sal terugkom as die Leeu van Juda – die Koning van alle konings. Die wederkoms van Yeshua is die laaste en belangrikste gebeurtenis wat met die blaas van die profetiese trompette van YHVH se laaste Bestemde Tye (feeste) verbind word.

En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Meester geword en van sy Messias, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid. Open. 11:15.

FEES VAN TROMPETTE

Hoewel daar van die Fees van Trompette (*Yom Teruah*) gepraat word, is dit meer korrek om te verwys na die Fees van Shofar of die Fees van die Basuin, want dit was die ramshoring (*shofar*, basuin) wat op hierdie gedenkdag geblaas word.

En YHVH het met Moses gespreek en gesê: Spreek met die kinders van Israel en sê: In die sewende maand, op die eerste van die maand, moet dit vir julle 'n rusdag wees, 'n gedenkdag deur basuingeklank, 'n heilige vierdag. Géén beroepswerk mag julle doen nie; maar julle moet aan YHVH 'n vuuroffer bring. Lev. 23:23 tot 25

Volgens die geestelike kalender (YHVH se kalender) vind die Fees van Shofar dus op die eerste dag van die sewende maand plaas, maar wat volgens die Joodse burgerlike kalender bekend is as die eerste dag van die maand Tishri. Hierdie dag is 'n spesiale Shabbat ('n gedenkdag, *miqra'ot*) en moet as rusdag gevier word waar geen werk verrig mag word nie. Dit is 'n gedenkdag deur basuingeklank, naamlik die blaas van die shofar. Hoewel daar nie gesê word wat gedenk moet word nie, is hierdie dag bekend as die Fees van Shofar (Basuin; Trompette).

Vir Israel van die verlede en hede is dit 'n dag van herinnering aan YHVH se goedheid, asook 'n verootmoediging, selfondersoek en voorbereiding vir die Dag van Versoening (*Yom Kippur*). Dit is ook die viering van die begin van die Joodse nuwejaar (*Rosh HaShanah*) en derhalwe die begin van Israel se burgerlike kalender.

Vir die gelowige in Yeshua is die Fees van Shofar die begin van die vervulling van die profetiese heenwysing na die wederkoms van Yeshua en die eindtydgebeure wat daarmee gepaard sal gaan. Daar is ook voldoende bewys dat Messias Yeshua tydens hierdie fees gebore was en beslis nie op kersfees soos deur die Kerk verkondig word nie.

Daarom is hierdie afspraak met die Vader op die Fees van Shofar vir ons as gelowiges in Yeshua Messias 'n dag van verootmoediging en selfondersoek en as voorbereiding vir die wederkoms van Messias, maar ook 'n feesdag wat ons herinner dat ons Messias reeds van te vore gekom het om ons sondeskuld te betaal.

Nota: Die misleiding van kersfees word in Les 14 van ons Skriftestudie oor die Feestyte bespreek (<http://nuwelied.info/?cat=1>), asook in ander artikels wat by die volgende skakel afgelaai kan word: http://nuwelied.info/?page_id=338

Die doel en betekenis van die Fees van Shofar is dus veelvoudig en die lering van die apostels bevestig selfs tradisionele Rabbiniese lering oor hierdie fees. Hierdie afspraak met YHVH ons Vader staan ook bekend as:

- ❖ **Yom Teruah** – Dag van die Groot Ontwaking deur die blaas van die basuin (Fees van Shofar).
- ❖ **Yom HaKeseh** – Die Verskuilde Dag.
- ❖ **Yom Hazikkaron** – 'n Gedenkdag van Herinnering.
- ❖ **Yom HaDin** – Dag van Oordeel.
- ❖ **Rosh Hashanah** – Kop van die Jaar (begin van die nuwe jaar).

Yom Teruah

'n Belangrike kenmerk van die Fees van Shofar is, soos reeds genoem, die blaas van die ramshoring (shofar, basuin). Daarom staan hierdie fees ook bekend as *Yom Teruah* – die dag van die Groot Ontwaking deur die blaas van die shofar. Nie alleen is dit 'n oproep om uit ons geestelike slaap wakker te word nie, maar verwys dit ook na die opstanding van die wat in Messias gesterf en wat dan saam met die geregverdigdes wat nog lewe weggeraap (weggevoer) sal word (1 Thess. 4:16 en 17).

Want Yeshua self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Messias gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word Yeshua tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by Yeshua wees.

Die Fees van Trompette is dus 'n herinnering en oproep om uit ons geestelike slaap wakker te word en die werke en begeertes van die vlees te los. Die basuingeklank is 'n oproep om terug te keer tot 'n lewe as geregverdigde en 'n lewe van afsondering (heiligmaking) deur gehoorsaamheid aan Torah. Dit is ook 'n herinnering om geduldig op die uitkyk te wees, want Yeshua se wederkoms is naby (Jak. 5:8).

Ons weet nie die dag en die uur van Yeshua se koms nie, maar ons kan die seisoen waarneem. Daarom moet ons besig wees met die dinge wat YHVH behaag sodat ons vlekkeloos bevind mag word met die blaas van die laaste basuin. Lees ook Matt. 24:36 tot 44 in die verband. Die basuin se geroep herinner ons om altyd gereed te wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur wat ons dit nie verwag nie (Matt. 24:44).

In sy boek *Die Feeste van die Verbond* gee Gerrie Coetzee die volgende verduideliking van die blaas van die shofar (ek haal aan):

Tydens die blaas van die Shofar op **Yom Teruah** en ander fees geleenthede, is daar 3 duidelik onderskeibare klanke:

- ❖ Tekiah - 'n lang, uitgerekte blaas
- ❖ Shevarim - 3 medium, huilende klanke
- ❖ Teruah - 9 vinnige blase wat kort op mekaar volg

Die Tekiah-Gadolah is 'n Tekiah wat solank as moontlik geblaas word, gewoonlik aan die einde.

Laat ons hierdie klanke bestudeer en kyk hoe hulle deel is van die verskillende temas van **Yom Teruah**.

Die Tekiah -Klank

Yom Teruah is die dag waarop waardeer en verklaar word wie God is. Ons maak hierdie verstaan innerlik sodat dit 'n lewende, praktiese deel van ons daaglikse realiteit word. God is Oppermagtig. God is die Skepper. God is die Onderhouer. God is die Toesighouer. Kortliks, God is die Koning van die heelal.

Vir baie van ons volg die idee van "koning" denkbeelde van 'n gierige, mag-honger despoot wat die massas wil onderdruk vir sy eie gewin. In Bybelse tradisie is 'n koning heel eerste 'n dienaar van die volk. Sy enigste belang is om te sien dat die volk in geluk en harmonie leef. Sy verklarings en wette is slegs tot voordeel vir die volk, nie vir homself nie.

Die doel van **Yom Teruah** is om God as ons Koning te kroon. **Tekiah** – die lang, uitgerekte shofar klank – is die klank van die koning se koms en bekroning. In die Tuin van Eden, was Adam se eerste daad om God as Koning uit te roep. Nou roep die shofar vir ons en die wêreld uit: God is ons Koning. Ons kry ons waardes in orde en draai terug na die realiteit van God as die Een wat die wêreld beheer, geskiedenis rig, berge versit en vir elkeen van die mense individueel en persoonlik omgee.

Maimonides voeg een belangrike kwalifikasie by: dit is nie genoeg dat God MY Koning alleen is nie. Indien ALLE mense God nie erken as Koning nie, is daar iets in my eie verhouding met God kort. Deel van my liefde vir die Almagtige is om te help om alle mense te lei na 'n waardering en aanvaarding van Hom. Natuurlik is dit grotendeels 'n uitdrukking van my omgee vir ander, wat Sy omgee deur my is, maar dit beïnvloed ook my eie gevoel oor God se allesinsluitende Koningskap.

Die Shevarim -Klank

As ons dink aan die jaar wat verby is, weet ons diep binne dat ons nie geslaag het om ons volle potensiaal uit te leef nie. In die volgende jaar verlang ons daarna om nooit weer die geleentheid te vermors nie. Die Kabbaliste sê dat Shevarim – 3 medium huilende klanke – die snikkende huil

van 'n Joodse gees is – verlangend na God om te konnekteer, te groei, te bereik.

Elke persoon het die vermoë om te verander en tot volle potensiaal te kom. Dit kan baie vinniger as wat jy kan droom bereik word. Die sleutel is om te bid uit die diepte van jou wil, emosie en verstand en God te vra vir die vermoë om tot volheid te kom. Moenie jouself deur die verlede laat terughou nie. Jy weet jy het geweldige potensiaal deur wat Hy vir jou gegee het.

Die oomblik as die shofar geblaas word roep ons uit die diepte van ons gees, wil, emosie en verstand na God toe uit. Hierdie is die oomblik, as ons lewe voor die Almagtige staan met geen hindernisse nie, dat ons waarlik kan oorgee.

Die Teruah-Klank

Op Yom Teruah, het ons nodig om wakker te word en eerlik en objektief na ons lewens te kyk: wie is ons, waar was ons, waar gaan ons heen? Die Teruah-klank: 9 vinnige klanke wat kort op mekaar volg, verteenwoordig 'n wekker, wat ons opwek uit ons geestelike sluimering. Die shofar bring helderheid, waaksaamheid en fokus.

Alhoewel ons nie die Talmud as wet aanvaar nie, is dit goed om te let daarop dat dit sê: "As daar oordeel van onder is, is daar geen nodigheid vir oordeel van bo nie." Wat dit beteken is dat indien ons die tyd neem en 'n opregte, realistiese model van hoe ons te kort gekom het in die verlede en wat ons verwag om te verander in die toekoms, bou, God ons nie hoef "wakker te maak" vir wat ons reeds weet nie.

God wil hê ons moet 'n eerlike poging aanwend om die gawes wat Hy ons gegee het tot die maksimum te vergroot. Daar word nie verwag van jou om enige iets te wees wat jy nie is nie, maar jy kan God ook nie mislei nie.

Die rede hoekom ons foute maak en kontak verloor met God is omdat ons nie elke dag die tyd neem om weer met ons diepste begeertes en wese eerlik te wees nie. Die oplossing is om elke dag tyd alleen te spandeer met God en te vra of ek nog op die pad is, gefokus is? Jaag ek die doele na wat die grootste algehele verskil in my lewe en in die wêreld sal maak?

Maak dit 'n gewoonte om met God in jou, in kontak te wees en wanneer **Yom Teruah** kom sal die wekker van die shofar nie naastenby so 'n wanklank wees nie. Die drie klanke is tradisioneel geassosieer met die boeke wat op **Yom Teruah** oopgemaak word en op Yom Kippur geseël word:

- ❖ Tekiah, die klank van verblyding oor die **Boek van die Lewe** vir die opregtes en onpartydiges;
- ❖ Teruah, 'n bewende klank vir die **Boek van die Dood** vir die mense sonder God;
- ❖ Shevarim, 'n mengsel van vreugde en hartseer, verteenwoordigend **van hoop** vir meeste mense wat iewers tussenin is (nog soekend is).

Open. 21:27 "en daar sal geen onreine, of iemand wat besoedel is en leuens vertel, ingaan nie, maar net dié wat geskrywe is **in die boekrol van die Lam.**"

Wanneer hulle wat Die Gesalfde Een persoonlik ken hierdie jaar die blaas van die shofar hoor, kan hulle voor YHVH kom met dankbaarheid dat hulle ingeskryf is in die Boek van die Lewe van die Lam; 'n ware rede vir vreugde. Hulle kan dan die tradisionele groet van hierdie fees met selfversekering uitspreek:

"L'shanah tovah tikateivu, v'tehateinu!"
"Mag jy ingeskryf en geseël word in die boek van die lewe vir 'n goeie jaar!"

Einde van aanhaling.

Nota: Feeste van die Verbond en God van die Verbond is as gedrukte boek verkrygbaar by Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com of kan afgelaai word by <http://www.padwlewe.ch/> Beide hierdie boeke word aanbeveel!!

Die laaste basuin: Volgens Rabbynse lering is daar slegs twee geleenthede in die Skrifte wanneer YHVH self die *shofar* (basuin) blaas. Die eerste keer was by die berg Sinai toe YHVH die Torah aan Sy volk gegee het. Die tweede keer sal wees wanneer die laaste basuin geblaas word met die koms van Messias volgens die profesie in Sag. 9:14 en 15.

Dan sal YHVH oor hulle verskyn, en soos weerlig sal sy pyl uitskiet; en die Meester YHVH sal met die basuin blaas en intrek met die storms uit die suide. YHVH van die leërskare sal hulle beskut; en hulle sal verslind, ja, slingerstene vertrap; ook sal hulle drink, 'n gedruis maak soos deur wyn en vol wees soos die offerkomme, soos die hoeke van 'n altaar.

Hierdie verwys na die laaste shofar waarna Paulus in 1 Kor. 15:51 en 52 verwys:

Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.

Yom HaKeseh

Omrede ons nie die dag en die uur van die wederkoms (wegrapping) weet nie (Matt. 24:36 en 42), is die Fees van Shofar ook bekend as *Yom HaKeseh* – die Verskuilde Dag. Hierdie fees staan ook so bekend omrede dit die enigste fees is wat op die eerste dag van 'n maand gedenk word. Die nuwe maand begin altyd met die verskyning van die nuwe maan. Hierdie is dus die enigste fees waarvan die presiese datum nie vooraf bepaal kon word nie. Die rede hiervoor is die volgende:

Voor die wetenskaplike meting van tyd (dae, weke, maande) en van die stand van die maan en die son, het die Israeliete staatgemaak op die sigbare waarneming van die verskyning van die maan. Twee of meer betroubare getuies moes in Jerusalem bevestig dat die eerste van die nuwe maan sigbaar was, asook bevestiging deur die Rabbies, alvorens die eerste dag van die nuwe maand aangekondig was. Die maan neem sowat 29,5 dae om 'n voltooide sirkel om die aarde te maak. Gevolglik kon die eerste dag van die maand nie presies vooraf bepaal word nie, maar kon op die 29 ste of 30 ste dag na die vorige waarneming geval het. Die presiese dag was dus verskuil tot dit sigbaar waargeneem kon word. Daarom lees ons in Matt. 24:36 die volgende:

Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen.

Die Fees van Shofar duur juis twee dae omrede kommunikasie van die bevestiging van die nuwe maan aan Jode buite Jerusalem en Israel eeue gelede nie so vinnig soos vandag plaasgevind het nie. Deur hierdie fees oor twee dae te gedenk kon sekerheid gegee word dat almal op die bestemde tyd deel daaraan kan hê.

Vorbereiding vir die fees moes dus vooraf geskied, want wanneer die nuwe maand se begin aangekondig word, was daar nie tyd vir voorbereiding nie. Net so moet ons ook vooraf gereed wees vir Yeshuah se wederkoms. Ons kan nie wag tot Hy eers gekom het nie. Nee, ons moet reeds nou seker maak dat ons 'n vlekkelose bruid is. Dit beteken om as geregverdigde te lewe by wyse van afsondering (heiligmaking) deur gehoorsaamheid aan Torah sodat ons die identiteit van ons Verlosser daagliks en toenemend aanneem.

Laat ons dus nie die woorde in Open. 22:12 en 13 vergeet nie:

En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste.

Yom Ha-Zikkaron

Tydens die Fees van Shofar word ons herinner aan die feit dat Yeshua Messias weer gaan kom en daarom is die dag ook bekend as *Yom Ha-Zikkaron* – 'n Gedenkdag van Herinnering waar ons mekaar bemoedig met die sekere wete dat ons Messias weer sal kom (1 Thess. 4:16 tot 18). Ons moet mekaar ook daaraan herinner om waaksaam te wees sodat hierdie dag ons nie soos 'n dief oorval nie (1 Thess. 5:1 tot 8).

Maar oor die tye en geleenthede, broers, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie; want julle weet self baie goed dat die dag van Yahweh kom net soos 'n dief in die nag. Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid – dan oorval 'n skielike ondergang hulle soos die barensood 'n swanger vrou, en hulle sal beslis nie ontvlug nie. Maar julle, broers, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie. Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie. Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees. Want die wat slaap, slaap in die nag; en die wat dronk word, is in die nag dronk. Maar laat ons wat van die dag is,

nugter wees, met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die verlossing.

Ons het 'n verwagting en 'n hoop van die verskyning van Yeshua in heerlikheid.

Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe, terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Yeshua Messias, wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke. Titus 2:11 tot 14

Ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Meester Yeshua Messias (Filip. 3:20).

Yom Ha-Zikkaron is ook 'n herinnering aan Vader se goedheid en guns en die feit dat Hy as YHVH Almagtige Hom met Sy volk bemoei. Hierdie dag is 'n herinnering aan YHVH se omgeeplan vir die mens.

Yom HaDin

Volgens Rabbyne lering verskyn elke mens op hierdie dag voor YHVH en word elkeen se lot vir die komende jaar bepaal. Daarom is hierdie dag ook bekend as *Yom HaDin* – die Dag van Oordeel. Dit is daarom gepas dat ons ook op hierdie dag onself sal herinner dat YHVH 'n dag bepaal het waarop Messias die wêreld in geregtigheid sal oordeel.

God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer, omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het, en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek.
Hand. 17:30 en 31.

Ons as gelowiges moet mekaar egter ook daaraan herinner dat wanneer Yeshua weer kom, sal selfs die regverdigdes voor die regterstoel van Messias verskyn en beloon word volgens wat elkeen verrig het (1 Kor. 3:11 tot 15; 2 Kor. 5:10).

Dit herinner ons aan Ps. 33:14,15, 18 en 19:

Uit sy woonplek aanskou Hy al die bewoners van die aarde, Hy wat die hart van hulle almal formeer, wat let op al hul werke. Kyk, die oog van YHVH is op die wat Hom vrees, op die wat op sy goedertierenheid wag; om hulle siel te red van die dood en hulle in die lewe te hou in hongersnood.

Hierdie dag is ook 'n herinnering dat ons nog die geleentheid het om met berou terug te keer na die Vaderhuis alvorens die finale oordeel op *Yom Kippur* aanbreek. Die tien dae tussen die Fees van Shofar en die Dag van Versoening is dus 'n afbeelding van hierdie "laaste kans" wat elkeen tot sondevergnis en versoening met YHVH deur Yeshua Messias het. Dit is 'n dag wat die Vader vir die verlore seun wag om huius toe te kom.

Ons moet onself oordeel aan die hand van Torah, want dit is YHVH se onderrig en instruksies. Dit is Sy meetsnoer.

If we judge ourselves from below, it will not be necessary for YHVH to judge us from above - Unknown

Rosh HaShanah

Die Fees van Shofar is, soos reeds genoem, ook die begin van die Jode se burgerlike kalender en is daarom bekend as *Rosh Hashanah* wat *die kop van die jaar* beteken. [**Onthou**: YHVH se kalender begin egter op 1 Nissan (Ex. 12:2) wat die sewende maand volgens die burgerlike kalender is]. Judaïsme glo dat God se oordeel op *Rosh Hashanah* die verloop van die nuwe jaar gaan bepaal. Daarom word hierdie dag gekenmerk deur beide vreugde en somberheid. Vreugde oor die nuwe jaar wat begin terwyl dit ook 'n geleentheid van selfondersoek en die herstel van verhoudinge met YHVH en medemens is. Die laaste maand (Elul) voor *Rosh Hashanah* word spesifiek vir die doel opsy gesit en staan bekend as *Teshuva*. *Rosh HaShanah* is ook die begin van die laaste tien Spesiale Afgesonderde Dae van verootmoediging (Dae van Eerbied en Toegewyde Ontslag) voor *Yom Kippur* – die Dag van Versoening.

Op *Rosh HaShanah* groet Jode mekaar met die woorde: *L'shanah tovah tikateivu, v'tehateinu* wat beteken: Mag jy ingeskryf en verseël wees in die goeie Boek van die Lewe vir 'n goeie jaar.

Rosh HaShanah word ook beskou as die geboortedag van die wêreld op grond van die eerste Hebreeuse woord in Gen. 1:1 wat lees *b'reshiyth* Indien hierdie woord omgedraai word lees dit *Aleph b'Tishri* wat *die eerste van Tishri* beteken. Op hierdie dag, so word geglo, het YHVH Sy skepping voltooi. Dit is daarom ook gepas om op *Rosh HaShanah* onself te herinner aan YHVH se skepping en die doel daarvan. Volgens oorlewering word dus geglo dat die mens op *Rosh HaShanah* geskape is. Daarom word ook geglo dat die mensdom jaarliks op hierdie dag voor YHVH verskyn sodat daar oor elkeen se lot in die komende jaar besluit kan word.

WENKE HOE OM DIE FEES VAN TROMPETTE TE GEDENK.

Begin die fees deur die shofar te blaas en saam met familie en vriende 'n feesmaal te hou. Soos met Shabbat kan hierdie dag ook begin word met die aansteek van twee kerse en met 'n seën- en dankgebed. Die tafel en versierings word in oorwegend wit gedek, en selfs die kleredrag vir die geleentheid kan oorwegend wit wees in herinnering aan Jes. 1:18 wat lees:

Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê YHVH: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Groet mekaar op hierdie dag met die woorde: *Mag jou naam geskryf en verseël wees in die Boek van die Lewe.*

Bespreek die betekenis van die Fees van Shofar en leer jou kinders dit. Loof en prys YHVH vir die spoedige wederkoms van Yeshua Messias. Bemoedig mekaar hiermee!

’n Joodse tradisie is dat elkeen ’n stukkie appel in heuning doop en dit eet en mekaar dan die volgende toewens: *l’shana tova u-metukah* (mag jy ’n soet en goeie nuwe jaar hê)! Die heuning is simbolies van die soetheid van YHVH se Woord en van ’n lewe van Torah-gehoorsaamheid, terwyl die appel simbolies van genesing en voorspoed is. Bid ook vir mekaar vir ’n geseënde jaar.

Verootmoedig jou voor YHVH en laat Sy Gees jou hart ondersoek sodat jy seker kan wees dat jy *vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede* (2 Pet. 3:14). Maak seker dat jy in Yeshua Messias met YHVH versoen is. Herinner mekaar ook aan die genade van sondevergifnis deur die kosbare bloed van Yeshua. Onthou: Yeshua se wederkoms is naby en die tyd vir vergifnis en versoening is nou!!!

Bid dat Christene die waarheid oor die Feestye van YHVH sal ontdek en sal terugkeer tot die onderrig en instruksies (die Torah) van YHVH. Bid vir Christene (die ’kerk’) vir ’n gesindheid soos die van Rut, naamlik:

Maar Rut sê: Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u God is my God. Rut 1:16

Bid dat Christene sal besef dat hulle deel van Israel is – dat hulle die wilde olyftak is wat op die mak olyfboom ingeënt is (Romeine11) en dat hulle ’n verlange na hulle Hebreeuse wortels sal ondervind.

SLOTGEDAGTE

Onthou dat die oorhoofse doel van al die Feestye van YHVH, asook van die Shabbat, is om nader aan YHVH te beweeg en die Vaderhart beter te ken en te verstaan. Hierdie is Bestemde (Aangewese) Tye waar YHVH spesiaal beplan het om Sy kinders te ontmoet. Dit is alles moontlik deur die genade in Yeshua Messias en deur die *Ruach HaKodesh* (Heilige Gees) wat ons leer en lei. Gebruik hierdie laaste drie Bestemde Tye op YHVH se kalender om seker te maak dat alle hindernisse wat tussen jou en die Vader en tussen jou en jou medemens staan, uit die weg geruim is.

Volgens oorlewering word hierdie Bestemde Tye beskou as die tyd wat die Koning uit Sy paleis kom en na Sy onderdane gaan om saam met hulle tyd deur te bring. Is jy gereed om die Koning van konings te ontvang?

Mag jou naam ook geskryf wees in die Boek van die Lewe en mag die Fees van Shofar ook vir jou ’n spesiale ontmoeting met Abba deur Yeshua Messias wees! Mag YHVH se Afgesonderde (Heilige) Gees ook op hierdie dag die waarhede van die wederkoms van Messias op ’n besondere wyse aan jou openbaar en bevestig.

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE:

Ons is die bruid van Yeshua en hierdie verhouding kan met die tradisionele Joodse huwelik vergelyk word. Volgens Joodse gebruik keer die bruidegom na die verlowing eers terug na sy vader se huis om 'n bruidskamer vir sy bruid te bou. Eers na voltooiing en goedkeuring deur die vader, sal die bruidegom sy bruid in die nag gaan haal. Hy kondig sy koms ook deur basuingeklank aan. Maar van die presiese dag en die uur weet sy bruid nie, maar sy moet te alle tye haar gereed hou met 'n oilelamp wat in haar venster brand as teken van haar gereedheid.

Yeshua het ook gegaan om vir ons, Sy bruid, 'n plek voor te berei (Joh. 14:2). Hy sal ons ook kom haal, maar van die presiese dag en uur weet niemand nie (Matt. 24:36). Die bruid moet haar egter te alle tye gereed hou vir die koms van die Bruidegom. Die Bruidegom sal Sy aankoms met die blaas van 'n ramshoring (shofar) aankondig (1 Kor. 15:51). Dit is die teken vir die bruid dat die uur van haar huwelik aangebreek het. Hy kom haal Sy bruid soos 'n dief in die nag (1 Thess. 5:2; 2 Pet. 3:10).

Die vraag is nou:

1. Ver wag die Bruidegom (Yeshua) van Sy bruid om 'n tydperk van verdrukking en vervolging deur te gaan alvorens Hy haar gaan kom haal? Indien sy haar voorberei het en 'n rein en vlekkelose bruid is, sal Hy haar dan nie kom haal voor die Groot Verdrukking nie?
2. Ons moet egter ook besef dat die getrouheid van die bruid getoets gaan word deur beproewinge. Tot watter mate sal die Bruidegom toelaat dat Sy bruid se getrouheid beproef word? Moet ons nie almal deur YHVH se vuur ook gelouter word nie?

Daar is 'n groot mate van eenstemmigheid dat die Fees van Trompette 'n heenwysing na die wederkoms en die wegraping is. Die vraag is egter wanneer gaan dit plaasvind? Hieroor bestaan daar meningsverskille, maar ons moet nie toelaat dat hierdie verskille die oorsaak van skeuring is nie. Laat ons met liefde, verdraagsaamheid en 'n leerbare gees die waarheid bly soek.

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuweliëd.info
Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.